Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

2 Maart 2022
Nuusbrief No 8

Liewe Ouer,
Dankie aan elkeen – deelnemers, toeskouers, eregaste en personeel- vir 'n heerlike Pretloop!! Ons is dankbaar dat ons goeie weer beleef het. Die kinders het dit vreeslik baie geniet. Dit was voorwaar 'n aand van pret!

Personeel:

- Juffrou Lize se kraamverlof het gister begin en ons wens vir haar 'n baie geseënde tyd toe saam met haar babatjie wat eersdaags gebore word.
- Juffrou Dina Mentz wat vir baie jare die Hasiejuffrou was, kom in haar plek aflos vir die kwartaal. Welkom, Dina! Ons glo jy sal gou weer jou voete vind!

Pretloop:

- Baie geluk aan elke kleuter wat sy/haar man gestaan het tydens die Pretloop.
- Die volgende seun en dogter het besonder goed gevaar in hulle onderskeie klasse:

Olifanteklas:	Wian Maritz	30 rondtes
	Carli Swart	26 rondtes
Kameelperdklas:	Django Botha	33 rondtes
	Chloé Marais	36 rondtes
	Lana van Wyk	36 rondtes
Hasieklas:	Adam Olckers	16 rondtes
	Iné Keun	22 rondtes
Eendjieklas:	Lukas Olivier	20 rondtes
	Jané Luyt	22 rondtes
Lammetjieklas:	Walter Richards	21 rondtes
	Aliza Stander	22 rondtes
Kalfieklas:	Paul de Klerk	12 rondtes
	Lynnsha Prinsloo	25 rondtes

- Baie dankie aan Charlene van Rooyen en die res van die Ouerkomitee-mammas wat gehelp het om van die funksie 'n sukses te maak. Dankie dat julle die tafel vir die eregaste so mooi gedek het, en vir die verversings gesorg het, asook julle klaspunte so mooi versier het.
- Dankie aan die ouers wat met die kolle opplak en ysies uitdeel gehelp het en die pa's wat met die baan se oprigting, asook almal wat met die opruim gehelp het.
- Baie dankie aan Mnr. George Prinsloo en Mnr. Corné Esterhuizen wat die klank vir ons behartig het. Parkieland se personeel waardeer dit opreg.

Covid-protokol:

- Indien 'n leerder positief getoets word vir Covid moet die leerder vir 5 dae isoleer en mag die leerder die 6de dag terugkeer, mits die leerder nie simptome het nie.
- Die 5 dae word getel vanaf die positiewe toetsdatum.

Skoolfooie:

- Ons herinner u net dat skoolfooie asseblief voor die 7e van elke maand vereffen moet word.
- Baie dankie vir u getroue betaling.

Gesuiwerde water: Projeknommer 693

- Parkieland voorsien gesuiwerde water van Oasis aan ons kleuters in al ons klasse en daar is enkele betalings nog uitstaande.
- Ons vra 'n minimale en **eenmalige bydrae van R130** per kleuter om dit moontlik te maak vir die hele jaar se gesuiwerde water.
- Betaling moet asb per EFT gedoen word in die skool se rekening met die volgende verwysing:

  FAMILIEKODE + p693

  E-pos bewys van betaling na karen.bothma@menlolaer.co.za

Gedagte vir die week:

Hoop u het elkeen 'n Geseënde week wat voorlê.

Vriendelike Parkieland-groete.

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

Pretloop 2022

By Parkieland is almal wenners!

parkieland is pret

Baie dankie aan elkeen wat ons pretloop so suksesvol en spesiaal gemaak het!